www.xtrapapers.com

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER | CANDIDATE NUMBER

*3435777058*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2016**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE ON ANY BARCODES.

Answer **all** questions in the spaces provided.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die blokkies boaan hierdie bladsy.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF **NIE**.

Beantwoord **al** die vrae in die ruimtes wat daarvoor verskaf is.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **18** printed pages and **2** blank pages.

DC (LEG) 120395/3
© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Oefening 1**

Lees die volgende advertensie oor die Twee Oseane Akwarium. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Langer besoektye gee jou kans om meer te sien

Met die langer somersdae wat nou met ons is, is die besoektye by die Twee Oseane Akwarium ook heelwat langer. Van 16 Desember tot 12 Januarie sal die akwarium van 09:00 tot 20:00 oop wees.

Die langer tye is ideaal vir mense wat in hierdie koel en rustige onderwater-wonderland wil ontspan. Dit is veral lekker na ’n lang, warm dag op die strand of ’n besige dag se inkopies.



Ma’s en pa’s sal bly wees om te hoor dat die akwarium se kinderspeelplek ’n vol feesprogram aanbied, met kuns en handwerk en die altyd gewilde poppekasvertonings vir die jonger kinders om te geniet. Elke kind sal ook daarvan hou om die akwarium se twee gelukbringers, Silwer die haai en Terminator die rob, te ontmoet. Spesiale fotogeleenthede saam met hierdie twee sal die besoek nog meer spesiaal maak.

Die akwarium se restaurant sal gedurende die langer besoekure ook later oop wees. Dit is ideaal vir gesinne wat ’n vroeë aandete wil geniet. Die kombuis sluit om 19:00.

Twee Oseane bied ook in die feesseisoen uitstekende geskenke as jy na iets interessants soek. Van dagkaartjies, duik saam met die haaie en lidmaatskap vir oud en jonk, is daar beslis iets vir almal. Dit kan dalk net jou krisis om die regte geskenk te kry, oplos!

**Wen:** Gelukkige lesers kan 25 kaartjies na die Twee Oseane Akwarium wen deur net hierdie maklike vraag te beantwoord: Tot hoe laat is die akwarium tussen 16 Desember en 12 Januarie oop? Stuur jou antwoord na danie.marais@nuus.com teen 18 Desember. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word.

www.xtrapapers.com



1 Waarom is die Twee Oseane Akwarium nou langer oop?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

2 Wat is die verskil tussen 'n besoek aan die akwarium en:

**(a)** 'n dag op die strand?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

**(b)** 'n dag van inkopies?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

3 Watter aktiwiteit vir kinders is altyd populêr?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

4 Waarom kan mense wat saans tussen 19:00 en 20:00 na die akwarium gaan, nie ná hul besoek na die restaurant gaan nie?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

5 Hoe kan jy haaie beter leer ken by die akwarium?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

6 Vir watter probleem bied die akwarium 'n oplossing gedurende die feesseisoen?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

7 Watter inligting, behalwe jou naam en die regte antwoord, moet jy ook na danie.marais@nuus.com stuur as jy 'n kaartjie na die akwarium wil wen?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Oefening 2**

Die Onderwysdepartement wil inligting insamel oor wat tieners doen om die omgewing te bewaar. Lees die volgende teks oor Thomas Harris en vul die res van die vorm wat volg, in.

Thomas Harris is in graad 11 aan die Hoërskool Killarney. Hy is 16 jaar oud en is op 15 November 2000 gebore. Sy adres is Parkstraat 27, Killarney, 2193 en sy telefoonnommer by die huis is 011 486 3272. Sy selfoonnommer is 083 066 9837 en sy e-posadres is thomas.harris@mweb.co.za.

Tom is van kleins af lief vir die natuur. Sy ma het ’n kwekery vir inheemse plante en as klein seuntjie het Tom bedags saam met haar werk toe gegaan.

Tom is ’n komiteelid van sy skool se Natuurklub. Dit is een van die klub se doelwitte om herwinning aan te moedig. By die skool is daar fasiliteite om glas, papier, karton en blikkies te herwin. Tom en sy komitee wil reël dat mense ook verskillende soorte plastiek vir herwinning skool toe kan bring, maar hulle doen nog navorsing daaroor.

In sy vrye tyd is Tom betrokke by die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Hy woon elke maand dié vereniging se lesings by om sy kennis van plante en omgewingsake te verbeter. Verder is hy ook lid van twee Facebook-groepe wat sy belangstelling in die natuur en die omgewing deel. Die uitroei van indringerplante en die aanplant van inheemse plantsoorte is een van Tom se groot belangstellings. Daar is ook uitstekende e-publikasies oor hierdie belangstellings, wat hy geniet.

Tom se ma is ’n kenner van die fynbos wat in Suid-Afrika voorkom. Sy organiseer elke kwartaal ’n toer na verskillende dele van die Kaapse Blommeryk in die Oos- en Wes-Kaap.

Tom hoop om na skool botanie te bestudeer en dan eendag voltyds aan sy droom te werk om Suid-Afrika van indringerplante te bevry.

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



**Tieners en omgewingsake**

**Opname**

*Vul asseblief die vorm in.*

Naam: Thomas Harris ..........................................................................................

Naam van skool: .................................................................... Graad: 11 ....................

Persoonlike besonderhede:

- Geboortedatum: 15 November 2000 ..........................................................................
- Adres: .............................................................................., Killarney, 2193
- Selfoonnommer: ..........................................................................................
- E-posadres: thomas.harris@mweb.com ..........................................................................

Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s) of vul die nodige inligting in:

- By die skool herwin ons:

  papier/karton ☐ glas/blikkies ☐ plastiek ☐

- Organisasies waaraan ek buite die skool behoort:

  ..........................................................................................

- Ek verbeter my kennis van omgewingsake deur:

  lesings by te woon ☐

  belangegroepe te ondersteun ☑

  toere te organiseer ☐

  ander: ..........................................................................................

- My ideaal vir Suid-Afrika se omgewing:

  Daar moet ..........................................................................................

  ..........................................................................................

[Totaal: 9]

www.xtrapapers.com



**Oefening 3**

Lees die teks oor die Karoodorp Prins Albert en sy omgewing en voltooi dan die aantekeninge wat volg.

## Prins Albert: Hier kyk jy van sterre tot voëls

Prins Albert en sy omgewing is die ideale plek waar jy op interessante toere en uitstappies kan gaan.

Suidwes van Prins Albert is die Gamkaskloof. Tot in die vorige eeu het mense byna in isolasie daar gewoon en daar was tot redelik onlangs geen formele pad daarheen nie. Die inwoners moes hul heuning en droë vrugte per donkie teen die steil paadjies uitdra om dit te gaan verkoop. Gamkaskloof het ook die besondere naam, Die Hel. As jy in Prins Albert bly, is die Gamkaskloof nou ’n goeie bestemming vir ’n heerlike dag-uitstappie met ’n piekniekmandjie.

Suid van Prins Albert is die Swartberg-natuurreservaat, wat tussen die Klein- en die Groot-Karoo strek. Besoekers kan in die gerestoureerde huisies van die Gamkaskloof oorbly.

Sowat 42 km wes van Prins Albert is die Gamkapoortdam aan die voet van die Swartberge. Dié uitgestrekte watermassa is ’n voëlkykparadys, maar die pad soontoe is nie goed genoeg vir gewone voertuie nie. Daar is egter ander roetes en uitstappies wat jy maklik met ’n gewone motor kan hanteer.

’n Besondere belewenis op Prins Albert is die sterrekyk-uitstappies wat Johann en Hilda Müller reël. Die Müllers se kennis van die planete en sterre is indrukwekkend. Die doodse stilte en die sterre wat voel asof hulle net hier bo jou kop hang, is ’n wonderlike belewenis vir die meeste stedelinge wat nie die Karoo se pikdonker nagte ken nie.

Vir mense wat iets moeiliker wil doen, is die roetes by die Bushman Valley-plaas saam met Dan en Melanie Malan so drie kilometer buite die dorp ’n uitstekende opsie. Hier het jy ’n keuse van sewe roetes, wat rivierbos, ’n droë waterval, Boesman-skuilings en ’n Boesman-museum insluit.

’n Staproete waarvoor jy nie jou rugsak en water nodig het nie, is die “Kuns in die skemer” saam met die kunstenaar Henk de Wet. Hy neem jou op ’n 90 minute lange reis – deur die standbeeldtuin en dan na die kunshuis, wat ook sy huis is. Die toere begin wanneer die son sak.

As jy nie jou eie voertuig wil gebruik om Prins Albert en sy omgewing te verken nie, neem die toergids William Brits jou in ’n lugverkoelde voertuig deur die hele sentrale Klein- en Groot-Karoo. Hierdie uitstekende toergids vertel en wys jou dan ál die geheime van die omgewing. As jy dit wil waag, kan jy die toer na Die Hel met jou bergfiets meemaak. Anders kan jy saamry tot bo en dan met die Swartbergpas afry. Maar daardie smal grondpaadjie is net vir ervare fietsryers.

Die fossieltoere saam met dr. Joan McDonald is ’n belewenis. Sy is ’n gekwalifiseerde toergids en ook ’n paleontoloog. Haar toere gee jou ’n interessante insig in die prehistoriese, natuurlike en kulturele verlede van die omgewing.

© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



In die dorp kan jy saans saam met die bobaas-storieverteller en gids Alida Sheard 'n spookstap van 90 minute lank doen. Tydens hierdie geleentheid word Prins Albert se geskiedenis weer lewend.

En wat is 'n lekkerder manier om die dorp en omgewing te verken as saam met een van Prins Albert se bekende fotograwe, wat gereeld hul kennis in werksessies en kursusse deel? Bring gerus jou kamera saam vir 'n interessante ervaring.

- Die toerismeburo is jou eerste stilhouplek vir inligting oor al die aktiwiteite waaraan jy hier kan deelneem. Besoek dit in Kerkstraat langs die Fransie Pienaar-museum, skakel 023 541 1366, stuur e-pos na princealberttourism@intekom.co.za, of loer by www.patourism.co.za of www.princealbert.org.za in.

(Uit: *Buite, Die Burger*, 29 Julie 2014)

Jy gaan 'n praatjie oor Prins Albert en sy omgewing in die klas lewer. Maak **drie kort** aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**Prins Albert en sy omgewing**

**(a)** Redes wat die Gamkaskloof spesiaal maak:

- Tot onlangs geen formele pad soontoe nie ..........
- .......................................................................................................... [1]
- .......................................................................................................... [1]

**(b)** Aktiwiteite vir besoekers wat in Prins Albert se geskiedenis belangstel:

- .......................................................................................................... [1]
- .......................................................................................................... [1]
- .......................................................................................................... [1]

**(c)** Aktiwiteite in en naby Prins Albert vir natuurliefhebbers:

- .......................................................................................................... [1]
- .......................................................................................................... [1]
- .......................................................................................................... [1]

[Totaal: 8]

www.xtrapapers.com



**Oefening 4**

Gebruik die teks oor Prins Albert en sy omgewing en skryf ’n opsomming oor **die redes waarom Prins Albert ’n goeie bestemming is vir besoekers wat in kultuur belangstel**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet **een paragraaf** lank wees en nie meer as **80 woorde** nie.

Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal: 5]

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



BLAAI OM VIR OEFENING 5

www.xtrapapers.com



## Oefening 5

'n Goeie maat wat in 'n ander stad of land woon, gaan gedurende die komende vakansie vir 'n week by jou kom kuier. Dit is jou maat se eerste besoek aan jou stad of dorp. Skryf 'n brief aan jou maat oor wat jy beplan vir daardie week wat julle saam gaan wees.

Jou brief moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- mense aan wie jy jou maat wil voorstel en redes daarvoor
- plekke waarheen jy jou maat wil neem en waarom jy daarheen wil gaan
- redes waarom jy na jou maat se besoek uitsien.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou brief en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



[Totaal: 15]

www.xtrapapers.com



**Oefening 6**

Lees die volgende teks aandagtig en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Die vele gesigte van Kersvader

Vader Kersfees neem ’n sluk van sy Stoney-gemmerbier. “Jô-jô-jô-jô-jô, dis baie warm in hierdie klere, maar ek geniet dit. Gelukkig.”

Vir die 26-jarige Xolani Peyi van Khayelitsha het ’n droom waar geword, want hy is Vader Kersfees in die Goue Akker-winkelsentrum in Kaapstad. Xolani was lank werkloos tot hy gehoor het daar is werk vir ’n Vader Kersfees. Nou is sy eerste werksdag agter die rug. Ongeveer 50 kinders het teen R30 elk vir ’n foto op sy skoot poseer.

Xolani is een van duisende mans wat dié tyd van die jaar wêreldwyd in Vader Kersfees – of Sinterklaas, Santa Claus, Kris Kringle, Papa Noël en vele ander – se stewels klim. Wêreldwyd leef die tradisie voort dat kinders vir Vader Kersfees ’n brief kan skryf om te vra vir geskenke. As jy gedurende die jaar soet was, sal die gawe oom met die groot baard vir jou ’n present bring, maar as jy stout was ...

Kanada spog met die meeste briewe aan Vader Kersfees: In 2006 het die Kanadese posdiens 1,06 miljoen briewe en 44 166 e-posse aan Kersvader ontvang. En elke brief en e-pos is beantwoord, danksy die hulp van 11 000 vrywilligers wat gratis in elf tale, ook in braille, teruggeskryf het.

Hoewel die Noordpool sy amptelike adres is, woon Vader Kersfees op verskillende plekke volgens verskillende lande se tradisies. Die Finne glo byvoorbeeld hy kom van Lapland en die Amerikaners reken weer Santa Claus woon in Alaska.

Vader Kersfees hou ook tred met die nuwe tegnologie. Daar is deesdae Kersvader-toepassings vir slimfone en tablette. Daar is byvoorbeeld een waarop jy Kersvader se vordering na jou huis kan volg. ’n Kind kan ook by SantaSkype.com teen $15 (ongeveer R150,00) ’n telefoongesprek van tien minute met Vader Kersfees voer. Dit is egter niks nuuts dat Vader Kersfees gebruik word om geld te maak nie, want reeds in 1931 het ’n Coca-Cola-advertensie baie tot die populêre beeld van Vader Kersfees se rooi klere bygedra.

Sielkundiges verskil oor die sogenaamde “Vader Kersfees-leuen”. Party reken dit is ’n “goeie leuen” as ouers hul kinders die Kersvader-fantasie laat glo. “Dit ontwikkel kinders se verbeelding,” sê Ed Jones, ’n sielkundige. Ander is weer bekommerd dat kinders hul ouers nie meer gaan vertrou wanneer hulle uitvind hul ouers was self verantwoordelik vir hul Kersgeskenke nie.

Almal stem egter saam dat Vader Kersfees ’n universele simbool is. Volgens Joe Kent, ’n sielkundige, vorm Vader Kersfees ’n parallel met ’n Godsfiguur. “Ons dink soms aan God as ’n ou, groot, wyse man met die wit baard – net soos Vader Kersfees,” sê Kent. En net soos God wat oor jou lewe oordeel, volgens sommige mense se geloof, besluit Vader Kersfees aan die einde van ’n jaar of jy soet was of nie.

Xolani in die Goue Akker sien ’n ooreenkoms tussen Vader Kersfees en oudpresident Nelson Mandela, wat ook baie lief vir kinders was. Mandela bly vir Xolani ’n groot inspirasie. “Hy het vir ons soveel dinge geleer. Kinders is ’n seëning. Met kinders rondom jou kan jy nie anders as om wonderlik te voel nie.”

www.xtrapapers.com



"Die kinders vra vir my: 'Het jy nou 'n donker vel?' Dan antwoord ek: 'Ja, ek is 'n donker Kersvader, ek kom van die Suidpool.' Ek is 'n trots Suid-Afrikaanse Kersvader," sê hy laggend.

Xolani sal egter nie omgee vir klere wat pas by ons klimaat nie. "Ek dink 'n kortbroek sal goed werk. Dalk moet ons die kleure ook verander. Wat van 'n bietjie groen en goud?"

(Uit: *Die Burger*, 21 Desember 2013)

1 Waarom was Xolani so bly om die werk as Vader Kersfees te kry?

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................[1]

2 Watter verskil is daar tussen die manier waarop die Kanadese posdiens die briewe en e-posse aan Kersvader hanteer het en hoe SantaSkype.com foonoproepe hanteer?

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................[2]

3 Wat het daartoe bygedra dat Vader Kersfees met die kleur rooi geassosieer word?

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................[1]

4 Waarom verskil sielkundiges oor die "Vader Kersfees-leuen?"

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................[2]

5 Verduidelik waarom Xolani vir kinders sê dat hy van die Suidpool kom.

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................[2]

www.xtrapapers.com



**6** Hoe sou Xolani vir Vader Kersfees meer Suid-Afrikaans wou maak?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

**7** Verduidelik die titel van die teks in een sin.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

[Totaal: 10]

www.xtrapapers.com



## Oefening 7

Lees die volgende uitsprake oor biblioteke:

> "Toe ek op laerskool was, het ek altyd boeke by die biblioteek uitgeneem. Nou kom ek selde daar."
>
> "Biblioteke maak alle boeke – oud en nuut – beskikbaar vir ons."
>
> "Biblioteke neem plek op wat liewer deur skole en hospitale gebruik kan word."
>
> "Biblioteke is die universiteite van die gewone mens."
>
> "Wie lees vandag nog boeke? Biblioteke is 'n mors van geld. As ek iets wil lees, lees ek dit op die internet."
>
> "Biblioteke sal altyd 'n belangrike rol in die gemeenskap speel."

Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die rol van biblioteke in die moderne tyd bespreek.

Jou artikel moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou berig en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

www.xtrapapers.com



© UCLES 2016 

www.xtrapapers.com



© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

[Totaal: 15]

© UCLES 2016

www.xtrapapers.com



BLANK PAGE

www.xtrapapers.com



**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2016